

Ek lewe om die Here voortdurend te loof

As dit goed gaan, aanvaar ons baie dinge vanselfsprekend. So beskou ons soms gesondheid as 'n basiese reg. Ons sorg dat ons gesond bly en met oefeninge, vitamienes en diëte, is ons ook in staat daartoe. Omdat ons in staat is om hierdie dinge self te doen, raak ons egter selfversekerd. Toe dit met Dawid goed gegaan het, het hy ook selfversekerd gesê: Niks sal my ooit laat wankel nie. In hierdie woorde hoor ons: Dawid het vergeet hy staan vas en veilig deur die Here se goedheid. Lof aan God vir genade moes plek maak vir eie roem.

'n Mens kan nie uit eie krag leef nie. Toe die Here Hom van Dawid onttrek, is sy gesondheid ook daarmee heen. Skielik is al sy eiweaan weg, want in swakheid wankel hy voor die geringste teenstand ... en die vyande wag gretig op sy dood.

Vrees het Dawid om genade laat smeek. Om gered te word, is nie 'n reg nie en die Here is nie afhanklik van 'n sondaar se lof nie. Dawid smeek om genade, want hy lewe om God te loof en nie om groot te praat nie. En die Here het gehoor. Asof vanuit die dood het die Here hom lewend gemaak. Hy het hom gesond gemaak, sy rouklere uitgetrek en feesklere aangetrek. Nou sal hy die Here sy God altyd loof, want daarvoor leef hy.

Jesus Christus het nie vir ons net tot op die rand van die dood gegaan nie. Hy het die dood ingegaan en deurgedaan. Deur die Heilige Gees kry ons uit genade nie net 'n gesonde lewe nie, maar die ewige lewe. Daarom sal ek ook my hele lewe 'n loflied maak tot eer van God.

Sing: Psalm 30:1, 8

Ds CCA Vrey (Rustenburg-Noordoos)